# RHS Revue laat skare snak na asem!

**Rustenburg** – Goeie goed is skaars, dit is hoekom die Hoërskool Rustenburg slegs elke twee jaar 'n produksie op die planke bring.

*As die Gordyn Val* was Rita Liversage, regisseur, se vierde produksie en het plaasgevind vanaf Maandag 31 Julie tot Woensdag 2 Augustus. Rita en haar span, John Robbertse, Melissa Louw en Anuschka Jacobs, oefen al meer as 'n jaar lank aan die 25 asemberowende liedjies waaruit die revue bestaan.

Die revue vertel die storie van twee sussies, Monique (Cara Grobbelaar) en Emma (Bernice van der Westhuizen). Monique is 'n regte diva en die ster van Mr Bernard (Hamman Prinsloo) se produksie. Sy misbruik vir Emma, totdat Alex (Bertus Buitendach) op haar verlief raak en haar help om haar selfvertroue weer terug te kry. Toe Monique beseer is kry Emma die geleentheid om die ster van die *show* te wees. Monique leer om meer beskeie te wees en ander ook 'n plekkie in die son te gun, terwyl Emma leer dat sy ook 'n ster is wat helder kan skitter.

Cara speel die rol van Monique met soveel oortuiging, dat dit moeilik is om nie simpatie met die arme Emma te hê omdat sy so 'n ou misbruike muurblom is nie. Wanneer Bernice egter lostrek en begin sing, snak die hele gehoor na hulle asem. Bernice is beslis 'n Rustietalent wat in die toekoms fyn dopgehou kan word. Haar duet saam met Cara, *Rise Up*, is beslis die hoogtepunt van die revue.


Sven Meyer, 'n solis, en Bertus Buitendach, bied ook iets besonders om na te luister en vir jong dames om na te kyk. Johanica Diedericks, Monique Wangra en Jeanette Tlou bied komiese verligting. Jeanette sing ook 'n liedjie uit *Dreamgirls* wat 'n talent vêr bo haar jare ten toon stel.

Wat die meeste uitstaan van die produksie is egter nie die pragtige jong stemme, die uitstekende choreografie of puik liedjie-keuses nie, maar die asemberowende kostuums. Elke keer as die kinders op die verhoog verskyn is daar iets nuut, mooier en beter as die vorige keer. Dit help natuurlik ook dat so baie van die soliste pragtige Peter Bondesio skeppings aangehad het.

Om drie ure lank na die produksie te sit en kyk, was beslis die moeite werd! Dit was 'n gepaste viering van die skool se 95ste bestaansjaar en die borge, Suzuki Rustenburg (hoofborg), Sound Motion, Crosslight Construction, Von Wielligh Property Management, Sign Topia, Metasec Security Solutions, Bad Influence Auto, Chem Dry Rustenburg, Calavi, Lynstaan, Tiep 'n Drom, Crazy Skips, Tuscany Pharmacy, Bennie en Rita Liversage, Retief en Leila von Wielligh, Bertie Grobbelaar en Theo Stoltz, kan trots wees.

Hierdie is nog slegs die begin van 'n groter en sterker storie in Hoërskool Rustenburg se volgende 95 jaar van uitnemendheid.


Cara Grobbelaar in *Phantom of the Opera*.


Die revuegroep in *Born This Way*.


Paul Minnaar en Arno Strydom, graad 11 leerlinge wat die produksie kom kyk het.


*Verstaan Mekaar* gesing deur Sven Meyer en Karla Roux.


Die groep in *All Night*.

## CASH CONNECTORS BRINGS AN EXCITING NEW BRAND TO RUSTENBURG!

**Rustenburg** – Cash Connectors is an exciting new and upcoming brand, of which the first branch has opened in Rustenburg. This branch became part of the mainstream retail landscape in record time.

The first branch opened on 6 June 2016 – the first step in fulfilling a vision of more than 100 branches in South Africa. The aim is creating a new culture within each community and encouraging the South African population to become part of the Cash Connectors family in South Africa.

Cash Connectors retails a range of brand new merchandise, all imported directly. The range includes products as diverse as electronic goods, DJ equipment, musical instruments, DIY tools, sports and leisure equipment, as well as small and large household appliances. The store's brands are trusted and include JVC, PIONEER, SAMSUNG, RUSSELL HOBBS, KIC, SANSUI, TELEFUNKEN, HYBRID, JBL and many more.

Also, a quality range of second-hand items enables a vibrant exchange and valuable flow of warranty used items from consumer to consumer in an efficient, regulated and reliable environment.

"The core to our business practice is our company's vision and values, namely creating a *Client is Key* environment which includes excellent service and consumer–client relationships," owner and franchiser Johan Nagel said. Cash Connectors would like to thank all their customers for their loyal support.



The first Cash Connectors of many to come…watch this space!

cash connectors
convert your goods into cash
1A Rustenburg Square
014 594 2632/5
BRING YOUR UNWANTED
ELECTRONICS & TURN IT INTO CASH !
How we look at things?
* Age * Condition * Appeal